7. 'n Detail swammestudie isgedoen deur hulle dogter. Swamme kan beskadig word wat net hier voorkom in groen strook (ook Knysbna Loeries en geelhoutbome).
8. Hulle het 'n Gastehuis ook wat deur die visuele impak geraak gaan word.
9. Noord van erf is reeds 'n lyn van Eskom. Die eiendom is net vir weiding, nie plant nie so die impak sal nie so groot wees nie.
10. Haar gevoel is "Eskom is onkeerbaar of dit sukses is of nie" en sy voel magteloos en kwaad.

Beste Nicolette

Telephone, +27 (0)44 620 5100

Dankie vir u oproep en gesprek vroeer vandag.

Ek stuur die inligting aan vir Sam Scott, en ek teken u beswarea aan soos volg:

1. U boerderybestaan word bedreig op Grootorgfontein, asook die werk van die mense wat in diens is.
2. U benut die grond volledig vir verbouing, en kan nie grond afstaan vir lyne nie 50ha
3. Die lyn gaan oor u spilpunte, volstruise ens.
4. Daar is 'n kloof op grond waar Bloukraanvoels voorkom.
5. 'n Detail swammestudie is gedoen deur u dogter - Swamme kan beskadig word wat net hier voorkom in die groen strook (ook Knysbna Loeries en geelhoutbome).
6. U besit die 1850-gerestoreerde Grace Gastehuis wat negatief deur die lyn geraak gaan word.
7. Noord van erf is reeds 'n lyn van Eskom. Die eiendom word deur die huurder daarvan vir weiding gebruik, nie aanplantings nie, so die impak sal nie so groot wees nie.
8. U gevoel is "Eskom is onkeerbaar of dit sukses is of nie" en sy voel magteloos en kwaad.

U is welkom om enige verdere kwessies of meer inligting aan te stuur sodat ons dit vir die spesialiste kan gee wat die ekologiese studies, visuele impak ens moet ondersoek in die EIA (detail fase) van die projek,

Groetnis, hoop ons sien u volgende week by die Ope Dag te Klein Brak.

=====

Goeiedag Alten

Ironies genoeg is Samuel Scott 'n Afrikaanse Boertjie wie se huistaal Afrikaans is. Sy Skotse oupagrootjie is met 'n Afrikaanse dame getroud en nou is Afrikaans die voorkeurspreektaal van al hulle Suid Afrikaanse afstammelinge. Ek hoop dit stel u gerus.

Tydens die Ope Dae gaan daar geleentheid wees om met die span te praat in Afrikaans of Engels en enige vrae wat aan Eskom gestel word in Afrikaans kan ek of Mr Scott na Engels vertaal en omgekeerd.

Die Eskom projekbestuurder Mnr Kentridge Makhanya is 'n paar amptelike tale magtig waarvan Afrikaans nie een van sy bestes is nie. Die verslae moes ons in Engels opstel omdat die oorgrote meerderheid van die amptenare by Omgewingsake deesdae Engels magtig is maar nie Afrikaans nie.

Ek hoop van harte dat u sal deelneem aan die gesprekke, aangesien ons aangestel is om die impakstudie onafhanklik van Eskom te doen. Alle kwessies sal genotuleer word.

Groetnis tot volgende week

From: Alten Claassen [mailto:alten@4sure.co.za]
Sent: 30 July 2015 01:06 PM
To: 'Marinda Le Roux'
Subject: RE: Gourikwa kraglyn

Hallo Marinda,

Dankie vir alles wat jy aangestuur het.

Ek merk dat alle verslae is in Engels opgestel. Dit is OK, maar sal die spreker by die openbare vergaderings ook slegs Engels magtig wees (soos Sam Scott)? Dit moet in aanmerking geneem word dat meeste van die belanghebbendes huis Afrikaans sprekendes sal wees en dat dit bitter onregverdig sal wees om hulle in 'n "engelse hoek" vas te keer. Dit sal gevvolglik 'n baie eensydige vergadering wees, want die Afrikaans sprekendes sal grootliks swyg en onmagtig of onwillig voel om oop kaarte te speel. Dit alles sal ongewenste resultate lewer.

Baie dankie.

Alten (S.A.) Claassen

Beste Alten

Die omgewingsimpakstudie se konsepverslag (Draft Scoping) vir die projek sal binne die volgende week of twee beskikbaar wees, en ons beplan om publieke vergaderings of opedae te hou tydens die week van 3-7 Augustus 2015. Sam Scott kontak julle binnekort met meer besonderhede oor wanneer en waar die vergadering in julle streek gehou gaan word.

Groetnis

From: Alten Claassen [mailto:alten@4sure.co.za]
Sent: 05 May 2015 09:26 AM
To: marinda@envirolution.co.za
Subject: FW: TRANSMISSION POWER LINE BETWEEN MOSSEL BAY AND GEORGE

Goeiedag,

Ek woon te Sinksabrug. Twee van u amptenare het my 'n tyd gelede op die plaas besoek en vertel van die beoogde kraglyn. Aan my is vertel dat daar 'n vergadering sou wees waar besware gelig kan word.

Sedertdien het ek verder nog geen woord gehoor nie. Sal u my asb inlig?

Die uwe

SA Claassen

Tel. 044 876 0137

Sel. 082 494 5220

Epos. alten@4sure.co.za

From: Marinda Le Roux [mailto:marinda@envirolution.co.za]

Sent: Thursday, July 30, 2015 10:42 AM

To: 'Alten Claassen'

Cc: 'Sam scott'

Subject: FW: Gourikwa kraglyn

Importance: High

Beste Mn Claassen

Dankie vir u oproep oor die dropbox skakel wat foutief is.

Die skakel is

https://www.dropbox.com/sh/n1a2x7u769aw5fy/AADKOCGYxv0VrQsHrabE26U_a?dl=0
en dokumente is ook beskikbaar op <http://www.envirolution.co.za/download/gourikwa>

Skakel Sam Scott gerus by 0835862906 of sam@envirolution.co.za indien u verdere vrae het en stuur asseblief u kommentaar vir my.

Groetnis, hoop om u volgende week by die Ope Dae te ontmoet

=====

Goeiedag Willieta

Dankie vir u belangstelling in die projek. U is as belanghebbende party (I&AP) geregistreer. Ek heg die streekskaart aan sodat u 'n idee kry van die belyning, maar meer detail kaarte is op die webwerf beskikbaar www.envirolution.co.za. Die meegaande kzm skakels sal u na Google Earth kaarte neem waar u kan "inzoem" om meer landmerke te sien waar die lyn loop. Indien u die koordinate of ligging van u eiendom(me) aan my stuur, kan ek dit plot op die kaart sodat u kan sien hoe naby die voorgestelde lyn moontlik aan u eiendom gaan loop.

Die projek is nou in die beginfase is en 'n omvattende proses gaan onderneem word om die publiek en ander belanghebbendes (genoem I&APs) te betrek alvorens enige verslae ingedien word by Omgewingsake. Geleenthede vir kommentaar en deelname soos fokusgroepvergaderings (bv met boere-organisasies) en publieke "ope dae" word

Public Participation Report (DSR)

beplan. Die doel van die proses is om seker te maak dat die belyning wat gekies word (binne die korridor) op die bes moontlike plek geplaas word, en dus die ekologiese omgewing sowel as die sosiaal-ekonomiese komponent in ag neem.

Die dae vir die vergaderings van die kraglynprojek is nou vasgemaak soos hieronder gewys:

| Datum | Dag | Tyd | Plek | Formaat |
|------------|-----------|----------------|---------------------------------------|---|
| 3 Augustus | Maandag | 9H00 tot 12H00 | Monte-Christo Eco Estate (Klein Brak) | Ope dag geleentheid vir registrasie en vrae |
| | | 19H00 | George Municipality Hall | Publieke vergadering en aanbieding |
| 4 Augustus | Dinsdag | 9H00 tot 12H00 | Uniondale: Crackling Rosy Restaurant | Ope dag geleentheid vir registrasie en vrae |
| | | 19H00 | Willowmore Boerevereniging Saal | Publieke vergadering en aanbieding |
| 5 Augustus | Woensdag | 9H00 tot 12H00 | Rietbron Biblioteek | Ope dag geleentheid vir registrasie en vrae |
| | | 19H00 | Beaufort-Wes Rolbalkklub | Publieke vergadering en aanbieding |
| 6 Augustus | Donderdag | 9H00 tot 12H00 | Klaarstroom NG Kerkzaal | Ope dag geleentheid vir registrasie en vrae |

Enige belangstellendes is welkom om die vergaderings en/of Ope Dae by te woon.

Kaarte wat die roete wys en inligting oor die projek en voorlopige bevindinge sal deur die projekspan vertoon word.

Personne wat nie die vergaderings kan bywoon nie, kan steeds vrae en kommentaar kan voor of na die vergadering ingestuur word.

VSamuel Scott is verantwoordelik vir die publieke deelnameproses en u is welkom om hom te skakel by 0835862906 of sam@envirolution.co.za indien u en/of u bure met hom wou gesels.

Groete

Groetnis

Marinda le Roux EAPSA * TRPSA
 Projekbestuurder
 Columbinelaan 223* Mondeor * 2019
 Posbus 1898 * Sunninghill * 2157
 Tel: 0861 44 44 99
 Faks: 0861 626 222
 marinda@envirolution.co.za
 www.envirolution.co.za

-----Original Message-----

From: Willieta [mailto:willieta@wispernet.co.za]
 Sent: 01 August 2015 07:53 PM

To: marinda@envirovolution.co.za
Subject: Beoogde kraglyn

Goeienaand,

Ons het vandag in die Burger gelees van die beoogde kraglyn tussen George en Mosselbaai en so graag inligting en kaarte wil bekom van die beplande roete wat die lyn sal volg, aangesien ons 'n plaas in George omgewing het en moontlik daardeur geraak kan word.

Groete,

Willieta de Swardt

=====

Goeiedag Marinda,

Baie dankie vir jou vinnige terugvoering. Ons eiendom het ek op Earth Google geplot en gelukkig vir ons, loop die beplande lyne nie oor ons eiendom nie. Ons was bekommert dat die nuwe lyn langs die bestaande lyn gaan kom, wat reeds oor ons eiendom gaan en die gebruik van spilpunte lelik kan beïnvloed en sodoende ook ons boerdery. Ons het 'n jaar gelede die eiendom gekoop en moes reeds 'n tydjie gelede verneem dat die nuwe verbypad ook 'n deel van ons grond gaan opeet. My man of seun sal egter probeer om mōreand se vergadering in George by te woon om op hoogte van sake te kom.

Baie dankie,

Willieta de Swardt

Sam

Ek was by die vergadering vanoggend maar dit blyk te wees vir 'n ander deel vand ie geoogde kraglyn.

Laat weet my wanneer die bespreking is vir die kragly vanaf Blanco – noord – dit is wat my affekteer.

Op hede het ek die volgende kommentaar wat geregistreer in geadresseer moet word in julle inisiele studie en ondersoek:

1. Eskom is huidig nie instaat om meer as circa 80% - 60% van die nasionale energiebehoefte te verskaf nie. Hierdie is die scenario wat heers en wat in die vooruitsig gestel word vir die volgende jare. Eskom is nou in 'n proses om hierdie tekort te duurste op te maak uit kragvoorsiening vanaf bystand opwekkers – onder andere Gourikwa buite Mosselbaai. Voorts beplan Eskom om hierdie Gourikwa – Blanco – ensovoort distribusie netwerk te verbreed en te vergroot. |Ek stel voor dat dit 'n agterstevoor benadering is. Kry die voorsiening in plek en beplan dan die verskaffing. *Ek versoek die ondersoekstudie inligting te opsigte van die kragvoorsiening en die aanvraag waarvoor E. in hierdie projek beplan. Die elektriseit vir hierdie voorsiening gaan verskaf word vanaf Koeberg (beskikbaar 50%), Gourikwa (wat met duur*

diesel bedryf word – en bloot bystand is). Die strategie en produksie besigheidsplan moet te tafel gestel word en E. moet motiveer waarom hierdie infra-struktuur nodig of essensieel is.

2. Daar moet grondige redes verskaf word waarom E. die voorsiening noord van die Outeniqua deur die Blanco roete en oor die Outeniqua bring. Daar is geen ooglopende rede waarom die verskaffing van energie aan die Beaufort-Willowmore e.a. nie volgens 'n alternatiewe roete kan gaan nie. Die roete suid en noord van die berg gaan deur sensitiewe en produserende areas wat aleternatiewelik gedoen kan word – bv. Vanaf Gourikwa direk noord deur 'n minder komplekse konstruksie roete. *Ek versoek die basisplan vanf E. wat die besluit motiveer om die distribusie volgens die voorgenome roete te neem.*
3. Die kraglyne wat reeds geinstalleer is kan geoptimaliseer en opgrader word om meer las te dra. Huidig word die infra-stuktuur op 'n ad-hoc en kortsigtige basis beplan en installeer en daarom vind jy talle hoogspanning kabels wat oor die Outeniqua lei. Wat is die beplande kapasiteit vir die volgende 30 – 50 jaar? Wat is die huidige kapasiteit van verskaffing oor die berg? Wat is die opwekkings verskaffingsplan vir die volgende 30 – 50 jaar (en sekerlik gaan dit nie om Gourikwa se diesel generators draai nie?). Die projekvoorstel is korsigtig, ontbreek aan deursigtigheid, ad-hoc en nie geïntegreer met die grotere, gepubliseerde en aanvaarde verskaffingstrategie van energie in SA nie. *Ek versoek die medium/lang termyn plan vanaf E. wat die beplande netwerk en kragvoorsiening van die SuidKaap aanspreek en adresseer.*

Ek is gekant teen enige verdere uitbreiding van die alreeds hoeve impak wat die distribusie van lyne oor die Outeniqua op natuur, besigheid, eiendomswaarde en visuele impak en besoedeling van 'n kosbare en sensitiewe area van die land het.

U word versoek om die inligting wat hieruit versoek is te verskaf voordat daar 'n sinnvolle en konstruktiewe gesprek gevoer kan word.

Ek stel ook op rekord dat ek eers 10 dae gelede van hierdie projek en projek inhoud bewus geword het.

Baie dankie.

Dr.Willem Odendaal [Pr.Eng ECSA; D.Eng; M.B.L]

EcoSource Pty Ltd


082 452 2272

EcoSource

Goeiemiddag Brian

Baie dankie vir jou deelname vandag. Hieronder is 'n statiese beeld van jou plaas ten opsigte van die lyne.

Die skakels na Google Earth is aangeheg.



Stuur asb enige kommentaar aan my of Sam, ons stel dit op prys.

Groetnis

Hello Sam

Ek heg aan 'n kaart van ons plaas Kwepertuin. Posisies waar ons spilpunte beplan, word aangedui. Spilpunt 1 is reeds opgemeeet en bestel en sal binne 2 maande opgerig word.

Die bos begroeide areas wat op die kaart gesien kan word, het heelwat inheemse bome, hoofsaaklik Swart Olienhou (Olea europaea). Eskom Kontrakteurs wat 2 jaar gelede plantegroei onder die bestaande Droërivier-Proteus 400kv lyn verwilder het, het ook die stok-oud olienhout bome verwilder. Miskien kan die 'spots' met die ou groot bome in gedagte gehou word, wanneer die posisie van die lyn bepaal word.

Laat asb. weet as die detail op die kaart nie voldoende is nie.

Dankie

Helgard Meyer

Kwepertuin

044 696 5122

073 176 1506



Thank you for our Monday meeting

I need clarity on the routes

My farms are

Voorbrug 255 ged 33

Voorbnrug 255 ged 24

Voorbrug 255 ged 273 v ged 272

Voorbrug 255 ged 274 v ged 272

Voorbrug 255 ged 275

Diepekloof ged 70 van 226

Diepekloof ged 57 van 226

Please arrange to meet with me if any of the above properties are affected

Regards

Peter Moolman

From: Alten Claassen [mailto:alten@4sure.co.za]

Sent: 05 August 2015 11:12 AM

To: 'Marinda Le Roux'

Subject: KAART ASB

Hallo Marinda,

My ou grondtjie is maar klein - 'n leefstyl plasie van 10.6ha (Gedeelte 38 van die plaas Diepekloof 226).

Die kaart wat julle beskikbaar gestel het op Internet is hopeloos te klein. Ek kan nie eens met 'n vergrootglas my plek opspoor nie. Sam Scott (die "engelsman") het op Maandag se vergadering te Monte Christo gesê dat mens dmv Google self jou hoenderhok kan sien, maar hierdie ouman is hopeloos te "stupid" met 'n rekenaar om dit te bemagtig.

Sou dit dalk vir jou moontlik wees om vir my 'n kaart te voorsien van my plek wat ook die zones vir die beoogde kraglyn aantoon?.

By voorbaat dankie (en groete vir die "engelsman").

Alten Claassen

Beste Sam

My naam is Brian Robertson. My plaas is Gedeelte 16 van die Plaas Uitkyk 224 en is geleë op die Jonkersberg pad tussen George en Grootbrakrivier.

Soos versoek reageer ek graag op die vergadering gehou 3 Augustus 2015 by die Monte Christo Estate naby Kleinbrakrivier.

My plaas is geleë in die keuse 1 van die nuut belpande Eskom lyn. Aangeheg is die Google kaart van my plaas binne die geïdentifiseerde rooi area waarbinne die nuwe lyn beplan word.

Ek gee graag die sleutel van die kleure waarmee die plaaskaart in die aanhangsel gemerk is, sodat ek my besware teen die nuutbeplante kraglyn kan boekstaaf.

Swart lyn: Plaasgrens Gedeelte 16 van die Paas Uitkyk 224

Groen lyn: Alles daarbinne is bestaande spilpunte waarop groente geproduseer word

Blou lyn: Alles daarbinne is moerasagtige klowe

Geel lyn: Alles daarbinne is permanente besproeiing waarop groente geproduseer word.

Pers lyn: Alles daarbinne is damoppervlak.

Wit lyn: Alles daarbinne is beplante Makedamia aanplantings in 'n gevorderde stadium.

Pers lyn: Alles daarbinne is store

Blou lyn: Alles daarbinne is bewoonde wonings.

Graag wil ek 'n kort oorsig oor my Boerdery skets. My voorgeslagte het mielies, koring en wolskape op hierdie plaas geproduseer. Vanaf 1998 word goente, hoofsaaklik brokkolie en blomkool op hierdie plaas geproduseer. In die begin stadium is die groente met verskuifbare besproeiingspype besproei maar namate die groenteboerdery gegroeи het, is spilpunte asook permanente besproeiingstelesels geïnstalleer. Ons produseer twaalf maande van die jaar groente en werk word verskaf aan 50 werkers.

Ons plant ook jaarliks peperwortels aan vir die uitvoermark. Die brokkolie en blomkool word deur 'n pakfabriek naby Pacaltsdorp gekoop en deur die hele Suid Afrika asook Namibië versprei.

Graag wil ek vir U enkele punte uitwys wat die nuwe kraglyn onmoontlik maak binne hierdie gebied.

Soos op die google kaart gesien kan word, verteenwoordig die groen lyn die spilpunte. Daar is alreeds 5 bestaande sirkels suid van die bestaande Eskom hooflyn. Die nuwe kraglyn sal deur een of twee spilpunte moet loop op hierdie roete. Aan die oostelike grens is ook reeds 5 ha (met geel gemerk) reeds gevestigde permanente besproeiing.

Suid van die Noordelike twee spilpunte is nog een spilpunt asook gedeeltes van die ander twee in die ondersoekte gebied.

Wat plaaswonigs betref, is aangedui met blou die drie veskillende wonings. Die eerste woning is in 1877 gebou en die tweede woning in 1960. Die derde omkringde wonings is drie arbeidershuie wat tussen 1950 en 2014 opgerig is.

Die twee plaasdammme is met pers omkring. Die blou omkringde sirkels is moerasagtige klowe wat onaangeraak bly.

Die wit omkringde dele is beplande makedamia boorde wat reeds in 'n baie gevorderde beplanningsfase is.

Graag som ek hierdie skrywe aan U op.

Inaggenome die bogenoemde feite teken ek ten sterkste beswaar aan teen die nuut beplande lyn op hierde spesifieke roete. Hierdie plaas is +/- 105 ha groot. Met die druk wat die ekonomie toepas om op die ekonomie van skaal te boer, is hierdie plaas beswaarlik 'n ekonomiese eenheid. Ek is verplig om uitbreidings met makedamia neut te maak om te verseker dat hierdie Boerdery vir my familie, sowel as die mense wat vir ons werk volhoubaar kan wees. Indien enige grond afgestaan moet word aan die nuut beplande lyn sal Boerdery aktiwiteite op hierdie plaas vir my en my seun wat alreeds die sesde geslag op hierdie plaas is, onmoontlik gemaak word en die beëindiging van hierdie Boerdery sal beteken asook al ons toekomsplanne en ideale op hierdie plaas, asook die van ons werkers.

Daarom vra ek U samewerking om ander alternatiewes vir die roete van hierdie hierdie kraglyn te ondersoek.

Ek wil U graag uitnooi om 'n afspraak met my te maak en die plaas te kom besoek sodat ek al die bogenoemde feite vir U fisies kan wys.

Stuur asseblief n bevestiging dat U hierdie brief ontvang het.


Ek wag graag op U terugvoer.

Groete

Brian Robertson

0823370800

brianrobertson@hilbert.co.za



From: John Robertson [mailto:robfarm@mweb.co.za]

Sent: 04 May 2015 11:11 PM

To: 'Sam scott'

Cc: sam@envirovolution.co.za

Subject: Proposed Eskom powerline

Hi Sam ,

Sorry to be a nuisance . Could you please send me the name of the responsible person and the e-mail address to which comments on the proposed Eskom line from M.Bay to Outeniqua should be sent .

Thank you

John Robertson

Dear Sam

Re: HARTENBOS PRIVATE GAME LODGE – Mossel Bay

Thank you for your presentation and discussion about this topic. To date no one has contacted me or been to see my farms, but a decision has already been made that option 1 is the most likely, Which I disagree with.

As both option 1 & 2 cross one of my farm, Goedemoed 166 portion 13 Mossel Bay and Hartebeestkuil 213 Mossel bay, I would like to lodge my concerns and also objections to having another power cable crossing my farm.

1. I already have a 400kva line crossing Goedemoed 166 with a registered servitude. When I built my Game Lodge and main House, I moved the building as far north as possible to avoid the unsightly look of the cables.

2. I started a 4 Star game lodge 3 years ago and still trying to make it profitable, mainly with overseas tourists and another cable in full view of my lodge would destroy the business.
3. I have lots of natural fynbos, most probably the most of any arm around me with lots of naturally occurring Fauna and Flora. E.g. Proteas, Knysna Loerie, Leopard, Aardvark, Aardwolf, Porcupines, wild cats, silver foxes, bat eared fox, Blue crane breeding pairs, Secretary Bird breeding nest, natural valleys and ravine, Milkwood trees and many more. I can get a full zoological report.
4. I also have many PURE Bontebok which are natural to this area, and difficult to breed.
5. I offer game drives, quad rides Hiking, Bicycle rides and bird watching on the farm due to its natural beauty, and any additional power cable would dissect the farm and destroy its natural beauty.
6. Another servitude would devalue the farm drastically.
7. I will introduce Buffalo and Rhinoceros within the next two years for the enhancement of my investment and improve income.
8. During construction, my business will be hampered and have to close.

In a nutshell, if this power line crosses my farm, my business will fail and I will have to close the Lodge, and will seek compensation for any losses in income or valuation. Please consider my concerns when making your recommendations to Eskom.

Kind regards
Eric Teixeira
Director
Hartenbos Private Game Lodge (Pty) Ltd
0824523257

From: Sam scott [mailto:sam.scott@vodamail.co.za]
Sent: 23 July 2015 07:24
To: admin@hartenbosgamelodge.co.za
Subject: Proposed Gourikwa-Blanco-Droerivier 400KV Transmission Power Line

Eric Teixeira
admin@hartenbosgamelodge.co.za
0824523257

Affected farm: Goedemoed166 en Hartbeestkuil 213 Dear Sam

Herewith a letter from Cape Nature regarding the importance of nature conservation on my farm.

Regards
Eric Teixeira
Hartenbos Private Game Lodge



HEAD OFFICE

| | |
|------------------|--|
| postal | Private Bag x29 Gatesville 7766 |
| physical | PGWC Shared Services Center cnr Volstruis Streets Bridgetown 7764 |
| website | www.capenature.co.za |
| enquiries | Dr Ernst Baard |
| telephone | +27 21 483 0013 |
| fax | +27 21 483 0070 |
| email | ebaard@capenature.co.za |
| reference | 1/2/1/2/L7(b) |
| date | 11 August 2015 |

Mr. H.S. Teixeira
P O Box 85
Hartenbos
6520

Dear Mr Teixeira

HARTENBOS PRIVATE GAME LODGE: AMENDED GAME MANAGEMENT PLAN

CapeNature has evaluated the amended game management plan (GMP) for Hartenbos private Game Lodge (May 2015), and confirms that it has been approved as a game management plan per CapeNature's Game Translocation and Utilization Policy (GTUP), subject to previous approvals (27 November 2011) and the following conditions:

1. Bontebok is recognized as a species of high conservation value and it should not be disadvantaged by any other species or landscape management practices.
2. Bushbuck, common duiker, cape grysbok, grey rhebok and klipspringer are eco-typical species, indigenous to the Western Cape. Animals sourced for introductions must be sourced within the same eco-typical area and is subject to a permit application.
3. Extra-limital species; blue wildebeest, giraffe, sable antelope and waterbuck.
4. Common species; eland, plains zebra, kudu, red hartebeest and Mountain reedbuck.
5. The supplementation of impala and nyala is supported from properties with legal populations and approved game management plans within the Western Cape. Such translocations are subject to a permit application.

Public Participation Report (DSR)


6. The provisions of the Nature Conservation Ordinance (Ordinance 19 of 1974) remain applicable with regard to the buying and selling of game, and therefore game must still be bought and sold in accordance with valid permits issued by CapeNature.
7. The property falls within a Critical Biodiversity Area (CBA) as identified in the Biodiversity Sector Plan of 2010 and forms part of a biodiversity corridor or link between important conservation initiatives. The overall aim is to avoid the loss of natural habitat in CBAs and prevent the degradation of Ecological Support Areas (ESA), while encouraging sustainable development in Other Natural Areas. CBA maps are biodiversity informants for which the objective is to maintain natural land; rehabilitate degraded to natural or near natural and manage for no further degradation. The objective for ESAs is to maintain ecological processes.

The property contains remnants of threatened terrestrial ecosystems namely: Grootbrak Dune Strandveld (Endangered). The monitoring of the impact of game on this vegetation is therefore important.

Your interest in the conservation of non-game species, for example birds and Aardwolf, has been noted by regional staff and you are encouraged to continue your efforts to monitor these species on your property.

Congratulations, and thank you for your contribution to the expansion of the conservation economy in the Western Cape.

Yours sincerely



Dr Ernst Baard
Executive Director: Biodiversity Support



Tel: 002 060 222
Email: info@envirolution.co.za
www.envirolution.co.za

STAKEHOLDER ENGAGEMENT FORM

**PROPOSED GOURIKWA-BLANCO-DROERIVIER 400KV POWER LINE &
SUBSTATIONS UPGRADE: ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENTS (EIAs) &
ENVIRONMENTAL MANAGEMENT PROGRAMMES (EMPs)**

| | |
|---|--|
| Title: MS | Tel number: 011 308 1077 |
| Name: MAPASEKA | Fax number: 086 206 6960 |
| Surname: LUKHELE | Mobile number: |
| Organisation: TRANSNET SOC Ltd | Postal or Residential Address: 150 Commissioner Street, JHB, 2001, Carlton Central |
| E-mail address: mapaseka.lukhele@transnet.net | |

Do you have any comments, concerns or suggestions?

- The first two alternatives are located in close proximity to Transnet railway infrastructure.
- The 3rd alternative seems to be located within the rail reserve.
- For these reasons, Transnet would like to register as IAP in the project.

Do you know of anybody else that might be interested in or affected by the project?

Kindly provide their names and contact details (e-mail, phone numbers) so that we can follow up:

| | |
|-----------------|--|
| Name: | Mandisa Mondi |
| Contact Details | 011 584 0506 mandisa.mondi@transnet.net |
| Name: | |



Dear Mark

Dr. Johannes Jordaan is assessing the economic impact for the Eskom project, and his report is titled "Socio-economic and tourism impact assessment". I have informed Johannes about your concerns about the impact related to the economics and to tourism. I am forwarding your comments to him, for his consideration.

Kind regards,
Amina

Thanks Mark,

Marinda and I will be discussing the way forward for the site visits to Gondwana.

I prepared the Social Impact Assessment, which has some overlaps with the economic development in the area. EMS prepared the economic and tourism report.

We will keep in contact with you to discuss the site visit.

Best wishes,
Amina

From: mark@gondwanagr.co.za
Sent: 2015/08/04 10:20:27 AM
To: solanum@worldonline.co.za,marinda@envirolution.co.za
Cc: sam.scott@vodamail.co.za
Subject: RE: Re: Proposed Gourikwa-Blanco-Droerivier 400KV Transmission Power Line

Dear Amina

I would be referring to both the tourism and economic impact assessment. It is imperative that we spend time with you on Gondwana Game Reserve to ensure that there is no impact on the established tourism operation on Gondwana.

Kind regards,
Mark

Thanks you very much for the introduction

Johannes, I look forward to meeting you. It would most probably be best to meet on site to discuss our concerns.

Please let me know when would be appropriate?

Kind regards,

Fax 0861626222

Envirolution Consulting (Pty) Ltd.

Argus, Montagu L Rms en Seemew Park

is Replanting konstruksie van Eskom na Kraglyn, Mosselbaai

Myl mening is om hierdie lyn langs die bestaande Eskom lyn
en 'n 11kV kraglyn geleë.

Volgens my mening hier is een van die belangrikste opties
parallel met hierdie bestaande lyn opgerig word.

Dit sal negatiewe gesondheids risikos inhoud, asook steurings
t.o.v radio en tv ontvangs.

So'n konstruksie sal ook 'n nadelige impak hê op die waarde
van eiendom.

Alhoewel ek ontwikkeling en versuitgang ondersteun sal
dit vir my as huiseigenaar onaanvaardbaar wees om langer so
in massiewe onreglike konstruksie te woon!!

Dankie

J.A. Durand
15 Rybouwer
Seemew Park
Hartenbos

Cell 0843333447
Fax 041-6725112
E-Mail albe@durand.co.za
GPS 34°08.065' S 22°05.35'

Beste Albe

Dankie vir jou faks en belangstelling in die projek.

U is as belanghebbende party (I&AP) geregistreer, en u kwessies is soos volg
aangeteken:

- U woning is langs 'n bestaande Eskom lyn en 'n 11kV lyn
- die 400kV projek gaan moontlik in u area opgerig word (Alternatief 3) en 'n negatiewe visuele impakte tot gevolg hê
- U is bekommern oor 'n moontlike daling in u eiendomsprys
- U is van mening dat die kraglyn 'n nadelige gesondheidsrisiko mag inhoud en moontlik ook steurnis kan veroorsaak mbt radio en tv ontvangs.

Ek kon nie die koordinate wat u gestuur het, ongelukkig nie lees/gebruik nie, en het min of meer $34^{\circ} 8'13.045''S$ en $22^{\circ} 5'16.25''E$ gebruik om die ligging van 15 Rylaan 2 op die onderstaande kaart aan te dui. Dalk gee dit u wel 'n idee van waar die lyn loop ten opsigte van u eiendom...



Op hierdie stadium is dit onwaarskynlik dat hierdie alternatief geneem sal word, en is die voorkeurroete heelwat noord van u eiendom voorgestel.

EK heg kaarte aan wat die drie opsies aandui. U is welkom om die koordinate van u eiendom aan te stuur, in die formaat van $^{\circ} \text{ }' \text{ }. \text{ }''S$ en $^{\circ} \text{ }' \text{ }. \text{ }''E$

Groetnis

Hi

Please add details below to IAP/Stakeholder database.

Marinda

From: Lynnette Marais Corporate JHB [mailto:Lynnette.Marais@transnet.net]

Sent: 28 August 2015 09:09 AM

To: marinda@envirolution.co.za

Subject: Re: Confirmation of receipt - Invitation Letters to Transnet SOC Ltd

Dear Marinda

We trust that you are keeping well.

We hereby confirm that the attached letters were received in our Office on 11 and 27 August 2015 respectively. The letters had been forwarded to Ms Moephuli and Van der Merwe.

They can be contacted as follows:

Ms Disebo Moephuli – Group Risk Department – Tel (011) 308-2474

Disebo.Moephuli@transnet.net

Ms Christelle van der Merwe – Transnet Capital Projects – Tel (011) 308-4711.
Christelle.VanDerMerwe@transnet.net

Kind regards

Lynnette

Mnr. Scott,

Ek verwys na die samesprekings op 3 Augustus te Monte Christo, Klein Brakrivier en bevestig u mededeling dat belanghebbendes die geleentheid sal he om binne 30 dae daarna verder kommentaar/vrae aan u voor te le met die oog op verdere verslag in verband met die beoogde projek. Daar is uiteraard vrae en kommentaar wat op u omgewingsimpakstudie betrekking het maar dan is daar ook sake wat nie direk daarmee te doen het nie maar deur Eskom beantwoord moet word. Die vraag is nou of sodanige aspekte ook aan u of direk aan Eskom gerig moet word? Dit sal waardeer word as u n aanduiding kan gee in die verband, met vermelding van n adres indien dit nie aan u gerig moet word nie.

Die uwe,
Dawie Uys – Modderdift 106

Beste Marinda

Ek het julle vergadering op die 3de Augustus 2015 te Monte Christo bygewoon. Ek wil net as `n geraakte party my besware oor die beplande kraglyn aan jou rig.

Ter agtergrond, ons is `n familie boerdery wat in die Outeniqualand omgewing boer al sedert die 1890s. Ons boer hoofsaaklik met Aartappels en Brassica gewasse wat baie arbeids intensief is. Ons het ongeveer 75 mense in diens.

Ons besigheid word deur opsie 1 en opsie 2 geraak. Opsie 1 gaan oor die restant van die plaas Oude Uitkyk Nr.225 (T 85180/97) en opsie 2 oor gedeelte 54 van die plaas Diepe Kloof Nr. 226 (T 27922/81) en gedeelte 3 van die plaas De Oude Uitkyk Nr. 225 (T 42535/94)

Vind aangeheg waar die beplande lynne die plase raak. Daar kan gesien word dat daar intensief geboer word met groente. Meeste van die grond word beslaan deur spilpunte en werkershuise asook `n pakstoor en skure. My versoek is dat daar na alternatiewe roetes gesoek moet word waar die ekonomiese en sosiale inpak laer gaan wees, byvoorbeeld in die berg. As daar geen ander alternatiewe is nie, mag geen bestaande

spilpunte, huise of store geraak word nie wat bykons onmoontlik gaan wees. Die area word ook dig bewoon soos gesien op die kaarte.

Ek gee graag die sleutels van die kleure waarmee die kaart in die aanhangsel gemerk is, ter bevestiging van my besware teen die nuut beplande kraglyn.

Swart lyn: Plaasgrense

Groen lyn: Permanente of verskuifbare spilpunte waar groente verbou word.

Pers lyn: Damme

Wit lyn: Beplande Makadamia aanplantings in 'n gevorderde stadium.

Rooi merkies: Aanduiding van kantore en store

Blou merkies: Aanduiding van woonhuise

Ontvangs bevestiging van hierdie skrywe sal waardeer word.

Ek hoor graag van u.

Vriendelike groete

RUBEN BARNARD | R & JA BARNARD (PTY) LTD

Cell: +27 (0)83 631 9625

Tel: +27 (0)44 876 0111

Fax: +27 (0)86 697 9902


Email: jabarnard@mweb.co.za

Postal Address: P.O. Box 848, George 6530 Goeiedag

Ruben

Dankie vir die inligting en die goeie kaarte wat u eiendom en grondgebruiken aandui. Ek kan sien hoekom u so bekommern is oor die impak van die projek.
Ons plaas dit op rekord en sal dit graag verder ondersoek.

Groete



Envirolution Consulting (Pty) Limited

info@envirolution.co.za

Sam Scott

sam@envirolution.co.za

Marinda le Roux

marinda@envirolution.co.za

URGENT

Your ref:

Our ref: WvB/cg/W54014/R251

Date: 31 August 2015

Dear Sir / Madam

**PROPOSED CONSTRUCTION OF THE GOURIQUA-BLANCO-DROERIVIER
400KV TRANSMISSION POWER LINES & SUBSTATIONS UPGRADE BY ESKOM**

1. We are addressing this letter to you on behalf of our clients -

1.1 Mr JdV Robertson as trustee of Kleinplaas Trust, IT583/99 who is the registered owner of Remainder of Portion 10 and Portion 15 of the Farm Kleine Plaats No 223, Mossel Bay Municipality, Division of George, Province of Western Cape; and

1.2 Klein Geluk (Pty) Limited, registration number 2015/036169/07 which purchased Portion 7(Faro) (Portion of Portion 4) of the Farm Kleine Plaats No 223, Mossel Bay Municipality, Division of George, Province of Western Cape, (existing deed of transfer

T39848/2005 in the name of Viking Pony Properties 154 (Pty) Limited) which property is in the process of being transferred to our aforesaid client.

2. Our clients have not received any formal notices of the abovementioned planned developments which may have an impact on their farms, but informally became aware of the matter.

3. In order to enable our clients to comment on the planned project you are hereby requested to furnish us with full particulars of the planned project as well as the time frames involved so as to enable our clients to respond to the planned developments. In this regard we shall appreciate it to receive all relevant documents already made available to other interested and affected parties as well as copies of minutes of meetings relating to any public meetings held in respect of this matter.

4. We shall appreciate it if you will register our clients as interested and affected parties and henceforth furnish us with all circulars and notices.

5. For reference purposes we enclose herewith the following :

5.1 A Google map indicating the abovementioned Portions 10 and 15 registered in the name of Kleinplaas Trust as well as Portion 7 to be registered in the name of Klein Geluk (Pty) Limited.

5.2 Copies of Surveyor-General Diagrams 7606/94 and 7607/94 relating to the electric power lines over Portions 7 and Remainder of Portion 10.

The planned power line is indicated in red on the Google map annexed hereto.

6. Our clients have the following objections and concerns :

6.1 This line will incut across the existing irrigation areas, either under centre pivot or fixed line irrigation.

6.2 The line will have a serious visual impact on the properties and the environment.

6.3 The land values will be negatively affected, especially because these are relatively small farms and economy of scale will be jeopardized by the power lines. A further consequence of the power line will be that it will have a direct negative effect on the sustainability of production on these relatively small farms and it will of necessity lead to job losses – which South Africa cannot afford.

6.4 Upon the property of Kleinplaas Trust there are already three Eskom towers and the same applies to Portion 7 to be transferred into the name of Klein Geluk (Pty) Limited. This implies that our clients currently already have six Eskom towers on their farms.

6.5 Additional lines will have a negative environmental impact, amongst others because of the concentration of power lines and the effect thereof on birdlife.

7. Taking into account the manner in which the planned power line will cut across our clients' properties, the planned location is not only undesirable, but will have a material negative effect on agricultural production and the value of the properties concerned. At best, our clients are prepared to negotiate a location where no irrigation takes place or on land which is not suitable for irrigation purposes. Our clients can, however, not agree to the establishment of the power line across existing irrigation.


Yours faithfully

WILLIE VAN BREDA

Ref. : Ciska Gricius

Tel. : 044 873 2043 Ext. 120

E-Mail : cgricu@raubenheimers.co.za



Fax : 086 680 7204

Sent: 27 August 2015 02:41 PM

To: sam.scott@vodamail.co.za

Cc: leon.dorfling@icloud.com

Subject: Blanco/Droerivier New Line - Interested/Affected Party - Leon Dorfling

Sam

Soos telefonies bespreek. Leon wil weet of die beplande nuwe lyn sy grond gaan kruis.

Die bestaande Droerivier/Proteus lyn Torings 405 tot 408 is op Leon se eiendom. TXSIS koordinate vir 405 is 33.88412OS 22.340191E.


Baie dankie vir jou hulp.

Groete

Ernst du Plessis
Eskom Telecomms
37 Market Street
George
6530
Cell 082-853-2621
Tel 044-801-2604
Pax 8822-2604

Leon

Voorsien asb die koordinate van die middelpunt van die plek van kragopwekking in Mosselbaai wat die krag gaan voorsien vir hierdie project



U kaart is baie vaag en sekere belangrike inligting skiet kort weens die gebrek aan die aanduiding van die posisie en roete van die kraglyne oor vermelde plaas. Die korridor in rooi aangedui , op u e-pos hieronder, is veels te wyd uitgebeeld op u Google kaart.

As conversed in our previous conversation with Gisela Weinmann and in the correspondence we only have the following facts on the table at this moment:

1. This process is to conclude on a go or no go decision.
2. If a no go is obtained the whole process starts all over again with new plans and routs as the 2 substations need to be connected somehow.

If a go decision is obtained from DEA the following is then fact:

1. the new 400 Kv line will be under the collared highlighted line we sent to you on the Google map and now where ells.
2. It will be a 400KV line not smaller not bigger.

Die roetebepaling van die nuwe 400KV Droerivier- Blanco- Gourikwa kraglyne, behoort op hierdie stadium , met akkuraatheid bepaal word en sodoende spesifiek, op plan aangedui word, vir hierdie plaas, om ons in staat te stel om sinvol en spesifiek te kan reageer.

Only when a go decision is obtained specific alignment will be determined. In other words, with the information gathered at this moment (the studies) the engineers will determine a best option alignment. This will be done again in more detail with consultation with land owners but remember the new 400 Kv line will be under the collared highlighted line we sent to you on the Google map and now where ells.

Other land owners have sent us information to assist us to make better divisions and I include an example:

Beste Marinda

Ek het julle vergadering op die 3de Augustus 2015 te Monte Christo bygewoon. Ek wil net as `n geraakte party my besware oor die beplande kraglyn aan jou rig.

Ter agtergrond, ons is `n familie boerdery wat in die Outeniqualand omgewing boer al sedert die 1890s. Ons boer hoofsaaklik met Aartappels en Brassica gewasse wat baie arbeids intensief is. Ons het ongeveer 75 mense in diens.

Ons besigheid word deur opsie 1 en opsie 2 geraak. Opsie 1 gaan oor die restant van die plaas Oude Uitkyk Nr.225 (T 85180/97) en opsie 2 oor gedeelte 54 van die plaas Diepe Kloof Nr. 226 (T 27922/81) en gedeelte 3 van die plaas De Oude Uitkyk Nr. 225 (T 42535/94)

Vind aangeheg waar die beplande lynne die plase raak. Daar kan gesien word dat daar intensief geboer word met groente. Meeste van die grond word beslaan deur spilpunte en werkershuise asook `n pakstoor en skure. My versoek is dat daar na alternatiewe roetes gesoek moet word waar die ekonomiese en sosiale inpak laer gaan wees, byvoorbeeld in die berg. As daar geen ander alternatiewe is nie, mag geen bestaande spilpunte, huise of store geraak word nie wat bykons onmoontlik gaan wees. Die area word ook dig bewoon soos gesien op die kaarte.

Ek gee graag die sleutels van die kleure waarmee die kaart in die aanhangsel gemerk is, ter bevestiging van my besware teen die nuut beplande kraglyn.

Swart lyn: Plaasgrense

Groen lyn: Permanente of verskuifbare spilpunte waar groente verbou word.

Pers lyn: Damme

Wit lyn: Beplande Makadamia aanplantings in ‘n gevorderde stadium.

Rooi merkies: Aanduiding van kantore en store

Blou merkies: Aanduiding van woonhuise

Ontvangs bevestiging van hierdie skrywe sal waardeer word.

Ek hoor graag van u.

Vriendelike groete

RUBEN BARNARD | R & JA BARNARD (PTY) LTD


Cell: +27 (0)83 631 9625

Tel: +27 (0)44 876 0111

Fax: +27 (0)86 697 9902

Email: jabarnard@mweb.co.za

Postal Address: P.O. Box 848, George 6530 Goeiedag



As you can observe in Ruben's example an non emotive educated decision can now be made. Please give me a call if you need more information on 0835862906. I am a straight shooter and do not waste time with semantics, if I have answers I will give a straight answer to you without candy coating it, but I can't give you information we don't have. We at Envirovolution is here to help you to be informed and act as delivery channel for your message to Eskom but more importantly to publically capture your comments and document it for the perusal of the decision makers in the department of environmental affairs.

Sam Scott
PPP practitioner

Hallo Me Le Roux

Insake : 400 KV KRALYNE + SUBSTASIES : GOURIKWA -BLANCO GEDEELTE

Geliewe ons te regstreer vir bg omvangbepalings proses in terme van NEMA ten opsigte van erf 60 Mossdustria, Mosselbaai, vir die kraglyne tussen die Mosselbaai SUBSTASIES en die Blanco SUBSTASIES.

Wat is die distansie van die erfgrense van erf 60 Mossdustria na die kern van die opwekkingspunt in Mosselbaai vir die transmission van krag, oor die kraglyne , vanaf Mosselbaai NA Blanco?

Voorsien asb die koordinate van die middelpunt van die plek van kragopwekking in Mosselbaai wat die krag gaan voorsien vir hierdie project.


Die uwe

Leon Dorfling
namens Oude Langeberg Eiendomme (Edms) Bpk

Beste Leon

Dankie vir jou belangstelling in die projek. Soos versoek via Mnr Scott, stuur ek hiermee 'n Google Earth beeld wat u eiendom plot ($33^{\circ}53'2.832"S 22^{\circ}20'24.6878"E$), soos dit gelee is ten opsigte van die voorkeurroete vir die beoogde 400kV Transmissiekraglyn tussen George en Beaufort Wes. Sal u asseblief so gaaf wees om die plaasnaam en gedeelte aan te stuur vir ons rekords?

Die projek is tans in die Scoping fase waartydens ons die publiek inlig en waar ons waardevolle insette verkry rakende grondgebruiken en kenmerke van die omgewing wat mens maklik sonder deelname van die gemeenskap sou kon miskyk. Soos genoem, word verwag dat konstruksie eers einde 2018 begin, mits daar natuurlik goedkeuring verkry word vanaf die Departement van Omgewingsake. Meer inligting, kaarte en dokumente is beskikbaar op <http://www.envirolution.co.za/download/gourikwa>



Enige kommentaar, vrae of bekommernisse word verwelkom. Mnr Samuel Scott is verantwoordelik vir die publieke deelnameproses en u is welkom om hom direk te skakel by 0835862906 of sam@envirolution.co.za.

Groete

Beste me Le Roux

Baie dankie vir u e-pos.

